[9]

C • O • D • E • S • A

MANAGEMENT COMMITTEE\CORRESPONDENCE\ACKNOWLEDGEMENT

Mnr Cas Human
Konvenor
Tafelronde Harrismith
Posbus 417
HARRISMITH
9880

Geagte Meneer Human

Baie dankie vir u skrywe gedateer, 23 Januarie 1992.

In antwoord op u versoek dat 'n afvaardiging van die vernaamste partye van Kodesa internasionale gaste inlig oor die situasie en vooruitsigte van ons land, wil ons u graag versoek om self die nodige reëlings te tref. Ingesluit vind u 'n afskrif van 'n lys van politieke partye en hul adresse waar u hul kan kontak.

Nogmaals baie dankie vir u belangstelling

Vriendelike groete

Murphy Morobe
Hoof: Kodesa Administrasie

List of parties + address
Please arrange self.

TABLE 140 — HARRISMITH ROUND TABLE — P.O. BOX 417 HARRISMITH 9880

ROUND TABLE · TAFELRONDE

ASSOCIATION OF ROUND TABLE IN SOUTHERN AFRICA • VERENIGING VAN TAFELRONDES IN SUIDELIKE AFRIKA

TAFEL — TAFELRONDE HARRISMITH — POSBUS 417 HARRISMITH 9880

Tel: 01436-30352
Fax: 01436-30707

Thomas.

23 Januarie 1992

Dr Zach De Beer
Cotswold Drive 39
SAXONWOLD
2196

Beste Dr De Beer

140 meeting & Tourism 1992.

**INTERNASIONALE 140 NOMMER VERGADERING EN TOER 1992, HARRISMITH, SUID-AFRIKA : 11 APRIL 1992 TOT 25 APRIL 1992**

Harrismith Tafelronde 140 tree vanjaar op as gasheer van ŉ internasionale 140 nommer vergadering. Alle Tafels met die ooreenstemmende nommer 140 in die wêreld word uitgenooi om Suid-Afrika te besoek. Ons het reeds 59 registrasies van Engeland, Duitsland, Swede en Nederland ontvang. Van die inskrywings is huidige tafelaars en ook ŉ groot groep "41'ers" (oud tafelaars bo 40 jaar), almal mense van hoë inbors wat as ambassadeurs vir ons land kan optree.

Ekself was al in Duitsland en Swede op sulke nommer vergaderings. Alhoewel Tafelronde ŉ nie-politieke vereniging is, is die belangstelling in ons land se politieke situasie baie groot. Van Tafelronde se doelstellings is onder andere "om verantwoordelike burgerskap en lojaliteit teenoor ons land aan te moedig" en "om internasionale vrede en welwillendheid te bevorder". Ons leuse: "Adopt, Adapt, Improve" is toepaslik vir die Nuwe Suid-Afrika.

Gesien in die lig van die geweldige positiewe gebeure op politieke en veral komende grondwetlike veranderings, die gepaardgaande internasionale belangstellings, wil ek graag by u verneem of dit moontlik is of u kan reël dat ŉ afvaardiging van die vernaamste partye van "KODESA" die internasionale gaste kan inlig oor die situasie en vooruitsigte van ons land.

Die besoekers arriveer op 11 April 1992 in Suid-Afrika en vertrek weer op 25 April 1992. Hulle sal vanaf Woensdag 16 April 1992 tot Sondag 20 April 1992 in Harrismith wees. Ons sal graag so ŉ oggend of middag inligtingsessie tussen die 16de en 20ste April wil aanbied. ŉ Aand-sessie op 17 April is ook moontlik.

"Tafelronde in Suidelike Afrika is 'n nie-politieke, nie-denominale vereniging van jong mans in die ouderdomsgroep 18-40, wie se lede feitlik elke professie en beroep verteenwoordig en wie se doelstellings die aanmoediging van hoë etiese standaarde, die bevordering van sosiale verkeer en kameraadskap tussen jong professionele en sake manne, prikkeling van individuele belangstelling in sake van openbare belang asook die bevordering van gemeenskapsbande tussen mense van verskillende kulturele, taal en politieke agtergrond, ingesluit."

"Round Table Southern Africa is a non-political, non-denominational association of young men between the ages of 18 and 40, embracing representatives of nearly every profession and occupation, whose objects encompass the encouragement of high ethical standards, the promotion of social intercourse and fellowship among young professional men, the quickening of individual interest in everything affecting the public welfare, and the promotion of understanding amongst peoples of different cultural, language and political backgrounds."

Ek verneem graag van u.   Voorspoed met die nuwe jaar en sterkte met die besondere rol wat u by KODESA speel.

Vriendelike groete

Cas Human

CAS HUMAN
KONVENOR